

6 April

Skrifgedeelte: Jeremia 29: 1-30 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Jeremia 1:29 (1983-vertaling)

Hou jou oog op die stuurman!

Roeiers in roeiwedstryde – soos dié wat daar elke jaar tussen die universiteite van Oxford en Cambridge is – roei agteruit. Hulle sit met hulle rug in die rigting waarheen hulle gaan en kan nie sien waarheen hulle op pad is nie. Elke boot het 'n stuurmanpasaangeër. Hy kyk waarheen hulle roei en dui die rigting aan.

Die ballinge in Babel aan wie Jeremia skryf, was soos roeiers sonder 'n stuurman. Hulle was nou al 'n hele paar jaar in die vreemde. Valse profete het hulle laat glo dat die ballingskap nie lank sal duur nie. Hulle sal binnekort terug wees in Jerusalem. Dit het vir die ballinge hoop gegee vir die toekoms. Jeremia sê egter dat die profete hulle mislei en drome laat droom. Hierdie profete is nie deur die Here gestuur nie. Dit lyk amper asof hy die bietjie hoop wat hulle het, van hulle wil wegneem, asof hulle lot hom nie werklik raak nie. Jeremia wil egter 'n vaste hoop aan die ballinge gee, nie maar net 'n grashalpie om aan vas te klou nie.

Dat die ballinge deur Nebukadnesar uit Jerusalem na Babel weggevoer is, is 'n feitelike gebeurtenis in die geskiedenis. Jeremia laat die volk egter sien dat dit eintlik God is wat hulle in ballingskap laat wegvoer het (Jer 29:4). Hiermee sê die Here: “Ek, die almagtige God, is die Stuurman. Ek stuur die boot op sy koers. Hou julle net aan met roei. Gaan doodgewoon met julle lewens aan. Bou vir julle huise en bewoon dit. Trou en bring kinders in die wêreld. Bid vir die voorspoed van Babel. Moenie julle hoop bou op 'n spoedige terugkeer na Jerusalem nie. Werk aan julle verhouding met die Here. Met sy doel in julle lewens is daar geen fout nie. Hy wil vir julle voorspoed gee, nie teenspoed nie... 'n toekoms, 'n heerlike verwagting.”

Miskien sit jy vandag in sak en as. Die toekoms lyk vir jou donker. Jy is gekweld oor die pad vorentoe. Oral is daar “profete en waarsêers” wat jou raad wil gee en jou laat twyfel aan die stuurman. Daar is geen rede om onseker te wees oor God se plan vir jou nie. Hy het reeds bewys dat Hy dit goed bedoel met jou. In Jesus Christus het Hy jou kom soek en deur sy Heilige Gees het Hy by jou kom bly. Jy kán Hom vertrou – tot in die dood toe!

Sing: Psalm 42:3,5 Ds FJ van Dyk (Ventersdorp)